

3 April

Om te sien ... en uiteindelik nie te sien nie!

Skrifgedeelte: Numeri 14:1-38

Fokusgedeelte: Numeri 14:22-23a (kyk ook OAV)

Gelowiges raak so maklik afgeskrik op *God* se pad – die pad na sy heerlike toekoms *vir hulle*! Afgeskrik ... deur teenkating van 'n bese wêreld wat reusagtig en dreigend voor hulle staan, afgeskrik deur 'n vrees vir teëspoed.

Dit is die reaksie van die Israeliete, die volk van God, nadat hulle die verkenners se verslag oor die beloofde land gehoor het. Dit ontaard in 'n nag van murmuring, verset en opstand. Nie net teen Moses en Aäron nie, maar ten diepste ... teen God! God wil hulle vorentoe laat trek, aan hulle 'n nuwe land (en 'n geseënde lewe met Hom) skenk, maar die Israeliete wil terugdraai Egipte toe! Eerder in Egipte sterf, of selfs in die woestyn ... as in "*hierdie land*".

En dit – ten spyte van die Here se "*heerlikheid en tekens*", ten spyte daarvan dat hulle sy "mag en sy wonders" wat Hy in die Egipte en in die woestyn ter wille van hulle redding gedoen het, "*gesien het*".

Die Here beleef sy volk se klagte en opstand as niks minder as minagting van sy heerlikheid nie, niks anders as 'n onderskatting van sy almag nie! Hulle het immers "gesien"!

God verskyn skielik in 'n ligglans ... en kondig sy straf oor die wantrouiges aan: nie een wat sy heerlikheid gesien het en Hom geminag het, "*sal die land sien nie*".

Om God nie te wil raak-sien nie, kan maak dat jy die vervulling van sy beloftes ook nie sien nie!

En tog beteken sy magtige teenwoordigheid ook vergifnis! In Christus *sien* ons weer sy heerlikheid, "vol genade en waarheid" (Joh 1:14).

In Christus is God onstuitbaar op pad – deur die wêreld, met al sy gevare en stryd, heen! Op pad met sy gelowiges na die nuwe Jerusalem! Sien jy sy heerlikheid – gelaai met egte, genadige reddings-ingrype in jou lewe raak? Wie Hom so sien, sal Hom uiteindelik ook in heerlikheid sien!

Sing: Psalm 8:1, 2 (1936-beryming)

Ds. Charl van Rooy (Port Elizabeth)